Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Gavin de Bruyn/Tamaryn Petersen**
Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut
(EDULIS ingesluit)
Gavin.Debruyn@westerncape.gov.za | 021 900 5053
Tamaryn.Petersen@westerncape.gov.za | 021 900 5039

Lêerno.: 23/2/7/4/ School Leadership and Management
Verwysing: 20240320-2673

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0002/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Inklusiewe Gespesialiseerde Leerderopvoedingsondersteuning, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Prinsipale van openbare skole

**Onderwerp: Beurse beskikbaar vir voortgesette professionele ontwikkeling: Gevorderde Onderwysdiploma: Skoolleierskap en -bestuur**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD), in samewerking met die Onderwys-, Opleidings- en Ontwikkelingspraktyke Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid (OOOP SOOO (*ETDP SETA*)), sal **100 beurse** vir die 2024-akademiese jaar beskikbaar maak vir studie om 'n volwaardige Gevorderde Onderwysdiploma: Skoolleierskap en -bestuur te verwerf.

2. Die eerste groep studente is in die proses om hul kwalifikasie te voltooi, en 'n tweede groep sal nou gewerf en goedgekeur word as deel van 'n nuwe inname van skoolleiers wat hierdie gesogte kwalifikasie sal verwerf.

3. Die Gevorderde Onderwysdiploma: Skoolleierskap en -bestuur vervang die Gevorderde Onderwyssertifikaat: Skoolbestuur en -leierskap.

4. Die hoofkenmerke van die Gevorderde Onderwysdiploma: Skoolleierskap en -bestuur is soos volg:
   (a) Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) uittreevlak 7
   (b) Minimum totale krediete van120
   (c) Minimum krediete op vlak 7

5. Die Gevorderde Onderwysdiploma is 'n voortgesette professionele ontwikkelingskwalifikasie wat daarop gemik is om skoolleiers te bemagtig om skole doeltreffend te lei en te bestuur in 'n tyd van uiteenlopende veranderinge, uitdagings en nuwe geleenthede.

6. Die program fokus op lede van skoolbestuurspanne wat permanent op posvlak 2 of 3 aangestel is en wat bestuurservaring het, en/of voornemende prinsipale. Voornemende aansoekers moet permanent op posvlak 2 of 3 aangestel wees om vir toelating tot die program te kwalifiseer.

7. Vir **2024** se inname sal slegs **adjunkprinsipale** (posvlak 3) en **departementele hoofde** (posvlak 2) oorweeg word.

8. Voornemende studente moet aan die volgende minimum vereistes voldoen:

| Program | Minimum vereistes |
|---|---|
| Gevorderde Onderwysdiploma: Skoolleierskap en -bestuur | • 'n Vierjaar- BEd-graad (voor 2018 verwerf) (480 krediete, voorheen NKR-uittreevlak 6); of<br>• 'n Vierjaar- BEd-graad (ná 2018 verwerf) – (480 krediete, NKR-vlak 7); of<br>• 'n Algemene eerste graad (360 krediete, voorheen NKR-uittreevlak 6) of diploma (360 krediete, voorheen NKR-uittreevlak 6) en Nagraadse Onderwyssertifikaat (120 krediete, NKR-vlak 7); of<br>• 'n Nuwe algemene eerste graad (360 krediete, NKR-uittreevlak 7) of diploma (360 krediete, NKR-uittreevlak 7) en Gevorderde Onderwysdiploma (120 krediete, NKR-uittreevlak 7); of<br>• 'n voormalige Hoëronderwysdiploma (120 krediete, NKR-uittreevlak 7); of<br>• 'n voormalige Gevorderde Onderwyssertifikaat (120 krediete, voorheen uittreevlak 6); of<br>• 'n voormalige Hoëronderwysdiploma wat aan 'n onderwysopleidingskollege verwerf is (480 krediete, voorheen uittreevlak 5/6); of<br>• 'n voormalige Verdere Onderwysdiploma (120 krediete, voorheen uittreevlak 5/6). |

9. Aansoeke sal oorweeg word, op voorwaarde dat elke aansoeker aan die volgende vereistes voldoen:
(a) Moet 'n adjunkprinsipaal op posvlak 3 of 'n departementele hoof op posvlak 2 wees.
(b) Moet **permanent** in diens van die WKOD wees.
(c) Moet aan die toelatingsvereistes van die toepaslike universiteit, soos in punt 8 hierbo genoem, voldoen.
(d) Moet **nie** 'n ander staatsbeurs of enige ander beurs ontvang **nie**.
(e) Moet **nie** by enige ander universiteit geregistreer wees tydens registrasie of wanneer die aansoek ingedien word **nie**.

(f) Moet goedkeuring en 'n verbintenis van beide die kringbestuurder en prinsipaal van die skool verkry dat die aansoeker regdeur die program ondersteun sal word, veral wat betref die praktiese komponent van die program.

10. Die program vir die Gevorderde Onderwysdiploma: Skoolleierskap en -bestuur sal op 'n deeltydse basis oor 'n tydperk van twee jaar, vanaf April 2024 tot Maart 2026, aangebied word. 'n Gemengde benadering sal gevolg word vir die aanbieding van die kursus.

11. Die kursuswerk sal behels dat groepe onderwysers netwerke vorm om beste onderwyspraktyke met mekaar te deel. Voorts sal kontaksessies gedurende skoolvakansies gehou word en kan aanvanklik sessies op Saterdae insluit. Meer besonderhede sal tydens registrasie verskaf word.

12. Elke beurs wat toegeken word, sal die registrasie- en klasgelde dek, en die OOOP SOOO sal die koste van registrasie- en klasgelde direk met die betrokke hoëronderwysinstelling (HOI) vereffen.

13. Waar van toepassing, sal verblyf vir kontaksessies deur die WKOD gereël word en sal slegs verskaf word aan onderwysers wat van landelike gebiede af reis. Verblyf vir bloksessies sal by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut verskaf word in ooreenstemming met die KOLI se beleid rakende verblyf.

14. Waar van toepassing, sal die vervoerkoste na en van die opleidingslokaal deur die WKOD, volgens die KOLI se vervoerbeleid, gedek word, met dien verstande dat suksesvolle kandidate van dieselfde dorp of skool vervoer deel, waar moontlik.

15. Waar van toepassing, sal suksesvolle aansoekers vir die koste van hul leerondersteuningsmateriaal verantwoordelik wees.

16. Adjunkprinsipale of departementele hoofde wat vir die Gevorderde Onderwysdiploma: Skoolleierskap en -bestuur en beurse in aanmerking wil kom, word versoek om die skakel wat hieronder verskaf word, te gebruik. Aansoekers moet **Bylae A** (Aansoekvorm) en **Bylae B** (Ooreenkomsvorm), oplaai. Let daarop dat beide vorms ingedien moet word en dat alle ander toepaslike dokumente opgelaai kan word deur die skakel hieronder te gebruik. Die sluitingsdatum is **03 Mei 2024**.

17. Gebruik die volgende skakel om dokumente op te laai: https://forms.gle/eb5ttjwpKMohQrEe9

18. **Neem asseblief kennis van die volgende:**
   - **Onvolledige of onleesbare aansoeke sal nie oorweeg word nie.**
   - **Aansoeke per faks of aansoeke wat met die hand afgelewer word, sal nie aanvaar word nie.**

- Aansoekers word volgens geografiese gebiede (skool se ligging) en die ligging van die gekontrakteerde hoëronderwysinstelling (HOI) gegroepeer.
- **Gewaarmerkte afskrifte** van die aansoeker se matrieksertifikaat, akademiese en/of professionele kwalifikasiesertifikaat/-sertifikate, WKOD-aanstellingsbrief wat permanente aanstelling op posvlak 2 of 3 spesifiseer en identiteitsdokument moet saam met die aansoek ingedien word.
- Die aansoekvorm **moet deur die aansoeker, sy/haar prinsipaal en die kringbestuurder onderteken en geëndosseer** word.
- Sonder die endossement van die prinsipaal en kringbestuurder word 'n aansoek as onvolledig beskou en gediskwalifiseer.

19. Aansoeke wat ná die sluitingsdatum van **03 Mei 2024** ontvang word, sal nie oorweeg word nie.

20. Deur die ooreenkomsvorm (Bylae B) te voltooi, sal suksesvolle aansoekers 'n formele ooreenkoms met die WKOD aangaan om 'n jaar se diens te lewer vir elke jaar waarvoor die beurs toegeken word, asook om aan die ander bepalings wat in hierdie ooreenkoms uiteengesit word, te voldoen.

21. Maak asseblief seker dat die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderrigpersoneel by u skool gebring word.

**GETEKEN:** B LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-04-16